PERSBERIG VIR GANSBAAI COURANT

Tel 028 – 384 1473
Faks 028 – 384 2397
courant@itec.co.za

HERWINNING VAN HUISHOUDELIKE VULLIS

Die Pearly Beach Bewarea wil graag ‘n ernstige beroep op alle huiseienaars en besoekers aan Pearly Beach doen om asseblief deel te neem aan die herwinningsprojek van huishoudelike vullis. Die Overstrand Munisipaliteit het alle moontlike maatreëls geneem om dit vir almal so maklik as moontlik te maak om aan hierdie projek deel te neem. Waar gewone huishoudelike vullis in swart vullissakke weekliks verwyder word, moet alle herwinbare vullis, soos byvoorbeeld papier, plastiek, bik, ens in deurskynende vullissakke ook een maal per week uitgesit word. In Pearly Beach se geval word vullis op Maandae verwyder en inwoners word vriendelik versoek om nie vullissakke voor Maandae uit te sit nie, aangesien dit gereeld deur honde, wilde diere en ook mense verskeur word. Ongelukkig is dit so dat vullissakke deur mense in die fynbos ingesleep word, waar dit vir bruikbare artikels deursoek word, en dan net daar in die veld gelos word. Dit bring mee dat die vullis deur die wind regoor die dorp versprei word , ‘n situasie wat ons ten alle koste wil verhoed. Die herwinningsdepot langs die LOKO is Maandae tot Vrydae van 08:00 – 17:00 oop en op Saterdae vanaf 11:00 – 16:00. Mnr Peet Staples is daar werksaam en hy is meer as bereid om enige navrae ook te beantwoord. Op Sondae en vakansiedae word twee groen vullisdromme voor die hekke geplaas en kan inwoners wat die dorp na die naweek verlaat, hulle vullissakke daarin plaas, met die wete dat die nie deur rondlopers op die sypaadjies verskeur sal word nie. Huiseienaars kan ook 2 maal per maand tuinvullis gratis hier gaan aflaai. ‘n Gratis permit vir hierdie doel is by die Gansbaai munisipale kantoor beskikbaar, waar gratis herwinningssakke ook afgehaal kan word. Kom ons werk saam en neem deel aan hierdie projek tot bevordering en beskerming van ons omgewing.

Geskryf deur Elrina Versfeld vir die Pearly Beach Bewarea.

VIR PLASING GEDURENDE APRIL 2013